forward together · saam vorentoe · masiye phambili

28 Oktober 2020

# November/Desember 2020 assesseringstydperk & A4-assesserings in 2021

Beste Studente

Met die November/Desember 2020-assesseringstydperk wat vinnig nader kom, wil ons graag die volgende belangrike assesseringsinligting onder julle aandag bring. Let asb vroegtydig op die toepaslike inligting en reëlings ten einde onnodige stresvolle situasies te vermy.

## November/Desember 2020-assesseringstydperk

Aanlyn assesserings:

- Gaan asb die **aanvangstye** van jou aanlyn assesserings vroegtydig en noukeurig na soos dit op jou roosters op die web verskyn. Klik hier vir jou rooster.
- Indien jy enige probleme met toegang to SUNLearn ervaar, skakel asb 021 808-2222 of besoek http://learnhelp.sun.ac.za.

Assesserings wat onder toesig op die Stellenbosch-kampus plaasvind:

- Die datums en aanvangstye van die assesserings is op jou rooster op die web beskikbaar. Klik hier vir jou rooster.
- Die **lokaalinligting van eksamens met toesighouding**, soos vereis deur professionele liggame, sal vanaf 28 Oktober op die web verskyn. Klik hier vir die inligting.
- Die **lokaalinligting van departementele assesserings** sal deur die dosent verskaf word.

- **Belangrike inligting oor assesserings wat in persoon plaasvind:**
  Alle studente wat eksamens in persoon aflê, moet let op die **belangrike inligting** oor die protokol vir studente by eksamenlokale, die reëls en instruksies vir eksamens, toegang tot eksamenlokale en riglyne vir gedurende en na afloop van eksamens.

- Die volledige, bygewerkte dokument, Aanlyn assessering: Riglyne en Probleemoplossing, saam met die dokumente wat hieronder genoem word, asook ander belangrike inligting, verskyn op die *Guidance for Student Online Learning* SUNLearn-blad. Maak asb seker dat jy hierdie blad en al die dokumente daarop deurlees voordat die assesseringstydperk begin.

- Akademiese integriteit vir aanlyn assesserings
  Soos met alle assesserings regdeur jou studies, verwag ons van jou om behoorlike etiket te volg en die Universiteit se akademiese integriteitvereistes na te kom. Lees die Revised: Unsupervised Online Assessment Disclaimer versigtig deur. Indien daar gevind word dat jy hierdie voorwaardes oortree het, sal jy aan dissiplinêre stappe onderhewig wees. Die SUNLearn-stelsel teken die toestel en netwerkpunte wat gedurende die eksamen gebruik is, aan. Die Universiteit behou die reg voor om om hierdie opgawes vir enige afwykings na te gaan.

- Dien jou assessering betyds in

  Laat indienings sal nie aanvaar word nie. Assesserings wat die indiening van antwoordstelle of die oplaai van dokumente behels, sal ’n bykomende 30 minute vir indiening hê. Dit is nie **bykomende skryftyd nie**, maar word toegelaat vir enige tegniese probleme wat jy gedurende die indiening mag ondervind.

- Wat om te doen indien jy tegniese probleme ondervind
  - Meld ’n oproep vir SUNLearn-bystand by die SUNLearn-hulptoongbank aan by https://learnhelp.sun.ac.za of skakel 021 808 2222 direk.
  - Elke fakulteit het ’n nood-e-posadres waarheen studente wat binne die toegelate 30 minute-indieningstyd tegniese probleme met die oorplasing van hul assessering ondervind, hul dokumente kan stuur. Maak seker dat jy weet wat jou fakulteit se e-posadres vir noodindiendings is, asook wat die spesifieke riglyne vir die toepaslike gebruik daarvan is.
    Indien jy die assessering per hand aflê en die dokument skandeer om dit oor te plaas vir indiening, maak seker dat jy die regte toepassing afgelaai het en weet hoe om dit behoorlik te gebruik. Vir die behoorlike gebruik van skanderingtoepassings, lees die volgende dokument: How to use scanning apps
  - Maak seker dat jy die korrekte tipe dokument/lêer indien, soos deur die assessering/dosent vereis word. Gaan die dokument/lêer se eienskappe na, en verifieer die dokument/lêer se agtervoegsel deur die volgende riglyne te volg: Ensuring proper file extensions

A4 assesseringsgeleenthede – Januarie 2021:

- A4 assesseringsgeleenthede sal vanaf 18 Januarie tot 6 Februarie 2021 plaasvind.
- ’n Kennisgewing oor wanneer en waar hierdie rooster sal verskyn, sal so gou as moontlik uitgestuur word.

Moet asb nie huiwer om met jul dosente en fakulteit in verbinding te tree oor navrae wat met assesserings verband hou nie. Vir navrae wat met SUNLearn verband hou, kan jy ’n oproep vir bystand by die hulptoonbank by https://learnhelp.sun.ac.za aanmeld, of skakel 021 808 2222.

Ons is naby aan die einde van ons 2020-akademiese jaar. Ek doen ’n beroep op julle almal om na jul gesondheid om te sien, om gesondheids- en veiligheidsprotokols na te kom en om verantwoordelik op te tree. Dra asb jul maskers vir jul eie veiligheid en vir sosiale eensgesindheid. Die US bied verskillende soorte ondersteuning, insluitende ondersteuning vir jou geestesgesondheid en emosionele welstand. Kontakbesonderhede is op die COVID-19-webblad beskikbaar.

Ek wense julle alle voorspoed toe vir jul assesserings!

Prof Stan du Plessis
Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting